2011-01-17

OMSENDSKRYWE NO. 1 / 2011

Geagte Ouer

Ons vertrou en glo dat u almal uitgerus is en die nuwe jaar sal aanpak met moed, ywer en passie. Dit verg moed om te leef en vereis ‘n daad van oorgawe om te glo in ’n God wat ons nie kan sien nie, maar wat ’n wonderlike voorreg om te MAG LEEF. Kom ons leef elke dag voluit en met oorgawe met die Here as ons metgesel. Voorspoed vir 2011!

Graag deel ons die volgende sake met u:

AKADEMIE – GR. 8 – 12 UITSLAE VIR 2010

GRAAD	AANTAL LEERDERS	DRUIPELINGE	SLAAGSYFER
Graad 8	213	3	98,6%
Graad 9	215	9	95,8%
Graad 10	199	12	91,9%
Graad 11	177	4	97,7%
Graad 12	159	1	99,4%

Dit het besonder goed gegaan met die akademiese uitslae van 2010. Baie geluk aan ons leerders en hul ouers met u kind/ers se mooi uitslae van 2010.

Die matrieks se uitslae was weereens skitterend met ’n slaagsyfer van 99,4%.

Ons Dux-leerder van 2010 – Yolandi le Roux - het haarself weereens bewys as die toppresteerder. Sy het 7 vakonderskeidings behaal met ’n gemiddeld van 86%.
Yolandi is tydens Sedibeng – Oos (D7) se akademiese prysuitdelingsfunksie aangewys as die leerder met die hoogste gemiddeld in Geografie en Lewenswetenskap.
Suzette Venter is ook tydens dieselfde funksie aangewys as die leerder met die hoogste gemiddeld in Besigheidstudies, Afrikaans Huistaal en Gasvryheidstudies. Dokkies is baie trots op julle!

Die ander toppresteerders was: Marqia van der Walt met 5 vakonderskeidings
Petro Venter met 5 vakonderskeidings
Lizle Rautenbach met 4 vakonderskeidings

Baie dankie ook aan ons graad 12 – vakonderwysers vir harde werk en die groot rol wat julle gespeel het in die pragtige uitslae.

Matrikulante van 2010, ons is trots op julle en salueer julle vir die VYF jaar wat julle betrokke was by ons mooi skool, Dr. Malan. Droom groot en laat God toe om julle lewensdroom in te kleur en dit sal nooit kleurloos wees nie. Baie sterkte met julle tersiêre opleiding en vir die veranderde wêreld daar buite!

OUERAAND – MATRIKULANTE EN HUL OUERS VAN 2011

'n Spesiale Graad 12 - oueraand sal DV 20 Januarie 2011 om 19:00 in die skoolsaal gehou word. Prof. Nic Kotze van NW-Universiteit tree op as gasspreker en sal veral klem lê op toelatingsvereistes by tersiêre instansies. Mnr. Dirk Mellet tree vanjaar op as die hooftoesighouer by die matrieks se eksamens. Belangrike inligting oor registrasie-prosedures sal deur hom hanteer word. Dit sal hoog op prys gestel word as u as ouers saam met u kind die vergadering sal bywoon. Saam het ons die verantwoordelikheid om ons kinders te begelei vir die wêreld daar buite.

GRAAD 8 – OUERAAND & NUWE LEERDERS VAN GRAAD 8 – 11 SE OUERS

'n Spesiale woord van welkom aan ons nuwe Graad 8-leerders, asook ander nuwe leerders se ouers by Hoërskool Dr. Malan. Ons wil u die versekering gee dat u die regte keuse gemaak het. As onderwyskorps stap ons graag die volgende vyf jaar saam met u en u kind die pad.

'n Oorbruggingsfase met 'n beplande program word met die graad 8 – leerders gevolg. Die hoofdoel hiermee is om die nuwe leerders in te burger en tuis te laat voel in Dokkieland.

'n Spesiale oueraand sal DV 24 Januarie 2011 om 19:00 by die NG-Moedergemeente gehou word. Ds. Olivier, wat self 'n ouer van Dr. Malan is, sal die erediens waarneem. Ons wil baie graag al ons graad 8 leerders en hul ouers by die geleentheid hê.

Met hierdie nuwe tradisie wat ons skép, wil ons graag die Here loof en prys en Hom nader om saam met ons die pad te stap vir die volgende vyf jaar.

STUDIEGIDS / KWARTAALPROGRAM

Elke leerder het 'n studiegids ontvang. Die jaarkalender met die skool se aktiwiteite vir die jaar is daarin aangebring. Ander belangrike inligting wat daarin voorkom is:

- Kloktye / tydrooster.
- Beheerliggaamslede met telefoonnommers.
- Bestuur van die skool.
- Gedragskode vir ons leerders, asook skool- en kleredragreëls.
- Toetsroosters en eksamendatums.
- Verlof / toestemming vanaf ouers en hoof.

HIERDIE OMSENDSKRYWE WORD GEBORG DEUR

KFC MEYERTON **016 362 3260**

Ons doen ’n beroep op u as ouers om u, saam met u kind, te vergewis van die inhoud van die studiegids. Maak asseblief ons hande sterk, sodat ons op ’n regverdige en billike manier kan optree teenoor die leerders wat hulle skuldig maak aan verkeerde optrede.

’n Versoek word aan alle ouers gerig om u kind in die oggend asseblief betyds af te laai vir skool. Dit is onaanvaarbaar indien ’n leerder laat kom sonder enige rede. Die onderwysers **móét** reeds 07:15 in die personeelkamer wees vir ’n vergadering en ons leerders moet 07:20 op die aantreevlak wees.

SKOOLGELD

Weens inflasie en die verhoogde instandhoudingskostes, was die bestuur en beheerliggaam verplig om die skoolgeld te verhoog. ’n Verpligte bruikhuur van R500,00 moet aan die begin van die jaar betaal word vir die gebruik van handboeke of werksmateriaal wat die skool voorsien. Hierdie bruikhuur van handboeke is deel van u skoolgeld.

ENKEL LEERLING	R4 700,00	
	R 500,00	**BRUIKHUUR VAN HANDBOEKE / WERKSMATERIAAL**
TOTALE BEDRAG	**R5 200,00**	

GESIN	R7 000,00	
	R1 000,00	**BRUIKHUUR VAN HANDBOEKE / WERKSMATERIAAL**
TOTALE BEDRAG	**R8 000,00**	

’n Afslag van 10% sal toegestaan word op skoolgeld wat ten volle vereffen word voor of op 28 Februarie 2011.

Geen leerders sal ten koste van skoolgeld gepenaliseer word nie. In merietegevalle, waar ’n ouer nie die skoolgeld kan betaal nie, kan ’n ouer / voog aansoek doen vir ’n beurs. Beursvorms kan by Me. Heidi Veldsman by die skool se administratiewe kantoor afgehaal word. Wanneer die beursvorms voltooi is, moet die **ouer** en nie die leerders nie, dit persoonlik by Me. H. Veldsman inhandig.

ONTHOU SKOOLGELD BLY DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE OUER EN NIE DIE KIND NIE.

Baie dankie aan elke ouer / voog wat die bruikhuur / skoolgeld reeds aan die begin van die jaar inbetaal het. Ons kan nie die nuwe akademiese jaar begin sonder fondse nie. Ons doen ’n beroep op u as ouers om asseblief u skoolgeld te betaal, sodat ons die skool effektief kan bestuur.

ADDISIONELE VAKKOSTES PER JAAR

Sien onderstaande vakkostes vir 2011.

ONDERSTEUNERSKLUB

Daar is verlede jaar ’n klein, dog baie aktiewe Ondersteunersklub by die skool gestig.

Hierdie groep ouers het ongelooflike goeie werk gedoen met hul betrokkenheid en die bydrae wat hul gelewer het op ’n verskeidenheid terreine.

Die ondersteunersklub het nou ’n konstitusie gekry en hulle wil hierdie jaar ’n nog groter bydrae maak tot die aktiwiteite van die skool.

Op Dinsdag, 1 Februarie 2011 DV, word die algemene jaarvergadering van die Ondersteunersklub gehou. Dit sal plaasvind om 19:00 in die skoolsaal. Tydens hierdie geleentheid sal daar inligting deurgegee word, beplanning gedoen word en ’n nuwe bestuur gekies word.

Alle ouers is welkom om die vergadering by te woon en u word vriendelik uitgenooi na die geleentheid. Ons sien u graag daar!

HIERDIE OMSENDSKRYWE WORD GEBORG DEUR

KFC MEYERTON **016 362 3260**

KWARTAALPROGRAM
Aangeheg vind u ’n kwartaalprogram vir die eerste kwartaal se aktiwiteite.

Mag ons almal ’n geseënde 2011 ervaar. Gee die wêreld jou beste en die wêreld se beste sal na jou toe terugkom. Ons maak staat op ons ouers se lojaliteit en sê vir u dankie vir jarelange, getroue ondersteuning teenoor ons mooi skool Dr. Malan, waarop ons almal trots is!

STERKTE VIR DIE NUWE JAAR!

Dokkiegroete

_____
MNR. A.P. ERASMUS
HOOF